



## Romanz-optrede 'n hoogtepunt

“Ek moedig elke nuwe Sawaanant, asook lede wat nie onlangs 'n Presidente byge- woon het nie, aan om te kom saamkamp by 2011 se Presidente.”

So skryf Kiepersol se voorsitter, Hennie Ferreira, in sy maandelikse oorsig. Hy het die hoop uitgespreek dat daar selfs op hierdie laat stadium nog lede sal wees wat die Presidente sal kan bywoon.

In sy kwartaalike verslag aan die gebied Jakaranda sê hy onder andere dat die bywoning van die Nkwe-saamtrek en die kuierkampe te Marula en Emmentia Geldenhuys be- moedigend was.

“Die gebruik van kuierkampe stel lede in staat om mense van ander streke te

ontmoet en kan moontlik mettertyd die gebied- saamtrekke vervang.”

Hennie het die sukses- volle aanbieding van die Romanz-uitvoering saam met die Jeug van die Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk waar elk- een meer as R32 000 ingesamel het, as 'n hoogtepunt beskryf. Hierdie fondsinsame- lingsfunksie is deur on- geveer 1000 mense by- gewoon. Die belangrik- ste gevolgtrekking wat oor hierdie poging ge- maak kan word is dat streke (en Sawa) geleent- hede moet skep waarty- dens lede van die publiek by fondsinsameling be- trek moet word. Dit sou onmoontlik gewees het

om soveel mense daar te kry as dit nie in same- werking met die kerkjeug gedoen is nie.

Oor kommunikasie het Hennie gesê dat dit vir Kiepersol baie belangrik

is om nuus vanaf die Dag- bestuur, NUB, gebied en streek aan elke lid oor te dra. Daarom het daar van- jaar reeds drie volledige nuusbriewe, asook drie volledige elektroniese weergawes sowel as vier kitsnuusbriewe met inlig- ting verskyn.



Voor die Romanz-uitvoering: Kittie en Jurie Dreyer, Willie en Elma Bronkhorst, Juliana en André Knoetze, Willem en Maria Nordejé



Hannie en Hennie Ferreira saam met die manne van Romanz: Louis Loock, Adam Barnard, Hannie Ferreira, Burgerd Botha, Hennie Ferreira en André Venter. Die sanggroep het die skare op hulle voete gehad. Na die tyd het hulle handtekeninge uitgedeel en vir foto's ge- poseer en hulle CD's en DVD's beskikbaar gestel

### Lees binne verder

Oordenking	2
Sawa in breër verband	2
Redakteur sê in die breë	3
Kampnuus	4
Saamtrekdatums	4
Voorsitter sê	5
Sawakalantjies (kleuters)	6
Possak	7
Schalk gesels	8
Senior burgers	9
Jongklomp (tieners)	9
Fotobeeld	10
Verjaarsdae	11
Lief en leed	11
Naweek by Waterberg	11
Fotoblad	12



## OORDENKING

### Die kruis en leë graf: Simbole van Paasfees

Paasfees gaan dikwels sonder groot fanfare, geskal of 'n feesviering verby.

In Suid-Afrika is die grootste nuus van die Paasaweek gereeld die getal padsterftes.

Tog fokus die eintlike Paasfees op  *twee kernmomente van Jesus Christus se Verlossingswerk vir ons: die kruis waardeur Hy as mens met sy dood vir ons sondeskuld by God betaal en ons versoening by God verwerf het en die leë graf wat vertel van sy ewige oorwinning – weer as mens en vir ons – oor die dood.*

Paasfees praat van Christus en ons verlossing. Ons verlossing van sondeskuld en van die kake van die ewige dood.

Paasfees met Goeie Vrydag as die dag van die kruisiging en Paassondag as die dag van die opstanding is die fees van lewe. Van die nuwe en ewige lewe wat nou reeds, met wedergeboorte en geloof, begin.

Die Bybel is vol daarvan. Ons wat die Boodskap van Christus gehoor en geglo het, word deur die geloof wat die Gees in ons werk ook verbind aan sy kruis en opstanding. So sterf ons die ou mens (sondige natuur) *nou reeds* in beginsel af en staan ons *nou reeds* op in 'n nuwe, ewige lewe van gehoorsaamheid. In beginsel het die gelowige reeds die sonde afgesterf en die nuwe lewe omhels en begin leef.

Daarom die opdrag in byvoorbeeld Efesiërs 4: 24: Leef dan as nuwe mense wat as Beeld van God geskep is...

Leef as nuwe mense.

In Efesiërs gee Paulus praktiese voorbeelde wat by 5:21 begin: as man en vrou wat in hulle huwelik iets van die verhouding tussen Christus en sy bruidskerk vertoon; as ouers en kinders op God se styl; as werkgewers en werknemers wat selfs die nederigste werk (slawediens) doen asof dit vir Christus is.

Nuwe mense op alle lewensterreine: die kerk as 'n egte geestelike gemeenskap van hulle wat dieselfde van God glo en die samelewing wat beman en bevrou word deur Christene met integriteit.

**Skrywer: Prof Piet Strauss, Universiteit van die Vrystaat**

Breër verband

**Sawa streef daarna om**

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerdere die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerdere die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

*- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.*

**Besoek: Lugmagnmuseum**

**20 Julie 2011:** Ontmoet mekaar 10:00 voor ingangshek Swartkop Lugmagbasis. Teken solank die datum aan asseblief



### Streekbestuur 2010-2011

**Voorsitter:** Hennie Ferreira (083 226 176) hennief@agency.co.za

**Ondervoorsitter:** Louis van den Berg (083 277 7307) vdubl@vodamail.co.za

**Sekretaris:** Magriet Baker (083 409 3719) margaretb@johburg.org.za

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Redakteur:** Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

**Addisionele lede:** Jerome Henning (012 654 6127) ja.henning@telkomsa.net en Sonja de Jongh (082 414 4475) sonjadj@tshwane.gov.za

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

## Oor Sawa in die breë sê die Redakteur: Doelgerigte werwing van veral jonger lede is 'n noodsaaklikheid



*“Dit sal nie wys wees om aan ‘n tradisie soos die Presidente-saamtrek oor ‘n Paasnaweek te torring nie”*

Die streekbestuur het by sy afskopvergadering hierdie jaar 'n aantal fokus-areas bespreek. Een daarvan was 'n onderwerp wat maar elke keer na vore kom naamlik werwing van lede.

Oor werwing oor die algemeen het die volgende gedagtes na vore gekom:

-Dat lede die vrymoedigheid moet hê om potensiele lede wat die waardestelsel van Sawa onderskryf sondermeer na saamtrekke te nooi.

-Dat by kampeerplekke waar nie-Sawanante ook teenwoordig is, 'n kennisgewing op 'n strategiese plek geplaas word (soos byvoorbeeld op die ablusieblokke se deure) wat die erediens bekendstel en kampeerdere daarna uitnooi.

-Dat nie-lede by kampe (na gesprekvoering) 'n brosjure gegee word as hy verder sou wou navraag doen. Die hantering van brosjures moet doelgerig en effektief wees, van 'n bestaande lid se naam voorsien word, en behoort opgevolg te word.

-Sawa behoort mense wat sy waardes onderskryf (Christenskap, Lojaliteit, Respek, Integriteit, Eerlikheid, Diensbaarheid, Verdraagsaamheid en Verantwoordelikheid) as lede te aanvaar en hulle in die Sawa-kultuur in te burger.

-Dat daar in die proses 'n groter openheid sal wees om Sawa-bedrywighede en aksies bekend te maak. Dit sluit in Sawa se waardes en missie (kyk brosjure). As die potensiele lid hom daarmee kan vereenselwig behoort hy nadergetrek en ingeskakel te word. As die mense daar buite nie weet waaroor Sawa gaan nie, is dit 'n remmende invloed om lede te werf. Op hierdie manier is die metode nie om te kyk hoe ons 'n moontlike lid kan uithou nie, maar om te kyk na deugde wat hom as 'n lid kan kwalifiseer.

-By die onlangse oop NUB is gevra of daar nie miskien iets met Sawa se beeld skort nie. Daar moet dus gepoog word om meer oor Sawa en veral hoe sy saamtrekke bedryf word na buite bekend te maak.

-Die klem moet nie net op ledebehoud geplaas word nie want dit los nie die probleme op van stelselmatige veroudering van die Sawa-lede nie.

-Sawa moenie bang wees om sy beeld na buite te bevorder nie. Daar kan nuusbriewe, pamflette, advertensies by plekke soos kerke, spreekkamers, woonwandelers ens. en op die webwerf geplaas word.

-Publisiteit in 'n tydskrif soos Wegsleep moet verwelkom word. Die moontlikheid dat “ongewenste” mense ongenooïd by saamtrekke sal opdaag is baie skraal en behoort nie gevrees te word nie.

... en lewer kommentaar

## Presidente-saamtrek is 'n bate, bewaar dit

Daar kan geen twyfel wees dat die Presidente-saamtrek een van Sawa se grootste bates is nie. Dit kom al 'n lang pad sedert Ere-President Martiens Bekker op die 1982 Sawa-kongres in sy openingsrede gesuggereer het dat dié saamtrek deur die “Presidente” aangebied word. Op daardie stadium was daar 'n president en vier onderpresidente. Daarom die meervoudvorm.

Dit sal nie wys wees om aan 'n goed gevestigde tradisie soos die Presidente-saamtrek oor 'n Paasnaweek te torring nie. Die Sawa-bestuur het oor die jare dit 'n geleentheid gemaak waar die Paasgebeure tot sy reg kom deur nie net erediens op Goeie Vrydag en Paassondag te reël nie, maar ook elke aand se boekewat daarop af te spits. Daar is dikwels in die verlede 'n deurlopende tema vir die godsdiensoefeninge gebruik.

Dis interessant dat die eerste insameling vir die Presidente-fonds tydens die Paasnaweek van 1985 was alhoewel daar by vorige geleenthede al verkope gereël is. Vandag is dit steeds 'n belangrike bron van inkomste. Die vraag is egter of dit op sy eie 'n volhoubare bron van insameling is as dit net die Sawa-kampeerdere is wat daarby betrokke is. Daarom sal dit goed wees om ook na alternatiewe te kyk soos by vorige geleenthede in hierdie kolom bepleit.

Hennie Ferreira, voorsitter van streek Kiepersol, wat die onlangse suksesvolle Romanz-funksie geïnisieer en georganiseer het, het na afloop daarvan gesê die streek sal in die toekoms weer moet poog om die breë publiek by ons geldinsamelingspogings te betrek omdat lede dit nie alleen kan doen nie en dit ook nie volhoubaar is nie. In dieselfde asem het hy weer eens 'n beroep gedoen dat nasionale geleenthede soos die Presidente-saamtrek wat oor die Paasnaweek gehou word, bygewoon en ondersteun word. Daar kan dus nie twyfel wees oor Kiepersol se gesindheid oor hierdie belangrike geleentheid nie. Ons vertrou derhalwe dat dit 'n groot sukses sal wees.

## Lekker Kampnuus



### Kuierkamp by Marula is goed bygewoon

Marula was die eerste kuierkamp wat deur Kiepersol aangebied is. Daar was die Vrydag (18 Februarie) 'n noodlottige botsing by Rigellaan, Pretoria wat die verkeersvloei erg in die wiele gery het. Die oord is in 'n puik toestand en die ablusies is skoon en netjies.

Teen vieruur word twee braaiers afgelewer. Kiepersol maak worsbroodjies met lekker sous wat soos soetkoek verkoop. Fanie Marx neem boekevat waar en daarna kuier almal lekker om die waens en vure.

Met registrasie teen halfagt is daar 39 waens van Bosveld, Kiepersol, Waterberg en Jukskei.

Teen tienuur is die kamp stil en slegs enkele manne is kuierend om die vuur.

Saterdag tienuur begin die kinderprogram by die swembadarea en oom Gert is daar om saam te speel. Dit is werklik wonderlik om hom op sy ouderdom so aktief te sien. Ons salueer jou oom Gert !

Meeste van die lede gaan maak 'n draai in die dorp (Bela Bela) om die nodige aan te vul. Teen twaalfuur hou Bosveld 'n 'kleedrepetisie' vir die Presidente met slap chips en verskeie soorte wors. Die middag bring die oord nog vyf braaiers en 'n bakkie vol hout. Dank en waardering aan Fanie en Marie Marx wat dik hout met hulle sleepwa gebring het wat lekker kole gemaak het. Die gevolg was 'n reuse vuur met baie kole. Intussen word daar rugby gekyk. Die oord voorsien die pap en sous (ons het die bestanddele gegee). Tussen die twee wedstryde is begin met die braaiery.

Na die rugby teen negeuur is daar vyf spanne bymekaar gebring vir Schalk Nolte se musiekspeletjie. Die Bosvelders was losvoor met hul musiekkennis. Terug by die kamp maak Jukskei 'n groot vuur en baie kuier tot laat.

Sondagmôre het Mel en Waterbergers die kapel gereed gemaak. Ds. Japie van de Venter het kom preek. Daar was ook kategese om 09:15 deur Maudie Fritz (Hennie en Hannie se dogter) aangebied.

Na kerk het die streke hulle eie afsluiting gehad. Sonja de Jongh was soos gebruiklik die boetebessie wat geen 'oortreding' oorsien nie. Daarna het 'n groot aantal mense 'n smaaklike driegangete teen R50 geniet. Die oordbestuur het verder vir almal wat wou die Sondagaand verniet laat oorstaan indien daar by die restaurant die Sondagmiddag geëet is. Ons het nog nooit so 'n toegewyde oordbestuurspan in die laaste 17 jaar teëgekomen nie. Niks is vir hulle moeite nie en ons streke behoort hulle ten volle te ondersteun.

Later het die uittog begin. Ek glo almal het LEKKER GEKAMP die naweek. (Verkort om in te pas)

**Kampkommandante: Hennie en Hannie Ferreira**

## Saamtredatums vir 2011

### 21 April: Potchdam

Presidente-saamtred

Langnaweek: R490

Seniors vanaf 17 April

R100 per nag

Besprekings 011 918 0699

### Kampprogram:

Goeie Vrydagdiens

Saterdag: Kermis en kaskar

Paassondagdiens

Gesinsdag: Afsluiting

### 20 Mei: Drie Berge

Kampgeld: R390

### 13-19 Junie: Swadini

Noordelike Presidente

Bespreek by 011 918 0699

### 29 Julie: Manyane

Kuieraweek.

Seniors vanaf 27 Julie

R110 per nag + Admingeld

### 12 Augustus:

#### Klein Paradys

AJV-naweek een week later as in die Jaarprogram aangedui

Kampgeld: R360

### 9 September: Gebiedskamp

Weesgerus

### 21 Oktober

Nuwe Shangrila

Kampgeld R430

### 30 Oktober - 13 Nov.

Tweede Drakensbergtoer

Navrae: Frank Smith by 012 654 3135

### 25 November

Joos Becker

Kersboomsaamtred

Bring gerus die kleinkinders saam

## Die Voorsitter sê Kuierkampe gewild en kan later moontlik gebiedsaamtrek vervang

### Hennie Ferreira

Met die eerste kwartaal agter die rug en met die Presidente oor minder as twee weke, kan ons nie anders as aan ons Hemelse Vader dankie te sê vir al die seën ontvang nie. Ons is dankbaar dat ons lede wat siek en beproef is die laaste drie maande goed herstel of aan die herstel is.

Dankie aan elkeen wat by die eerste drie kampe van die jaar by Nkwe, Marula en Emmarentia Geldenhuys was. Die kuierkampe in die gebied is baie gewild en ons maak beslis so nuwe SAWA vriende. Wat Marula as oord betref, behoort ons as Kiepersol dit beslis te oorweeg vir toekomstige jaarprogramme.

Aan Schalk en Marianne baie dankie vir die “noot vir noot speletjies” wat julle by elke kamp aangebied het. Ons as bestuur en lede waardeer julle inset om die kampervaring nog lekkerder te maak. Ons vertrou dat julle nog lank die speletjies vir ons sal aanbied.

Wat Romanz betref, baie dankie aan elkeen wat die kaartjies help verkoop het en ook met die verkope die aand gehelp het. Ons het R32 150 ingesamel vir Kiepersol en dit maak dit die grootste enkele insameling in Kiepersol se geskiedenis. Ons kan nie anders as om ook Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk se Jeug te bedank vir hulle uiters goeie samewerking om dit vir beide partye ’n besonderse aand te maak, en ons kan net ons Skepper dank vir al die seën wat ons ontvang het.

Ons volgende kamp is die Presidente by Potchdam vanaf die 17de April vir die seniors en 21 tot 25 April vir ons werkendes. Neem kennis dat betaling by die SAWA-

kantoor (011 918 0699) gedoen word en nie by die streek nie. (Kyk asseblief Kampkrummels vir die details oor die Presidente.)

Baie dankie aan die 35 lede wat wel deelgeneem het aan die opname oor die Presidente 2011. Daar is tans 10 lede wat aangedui het dat hulle vanjaar by Potchdam gaan kamp en ek vertrou dat dit intussen vir nog Kiepersollers moontlik geword het om te gaan. Onthou om vooraf te bespreek. Ek moedig graag elke nuwe Sawanant asook lede wat nie onlangs ’n Presidente bygewoon het nie om te kom saamkamp by 2011 se Presidente.

Die volgende streekkamp is 20 tot 22 Mei te Drie Berge (Brits) en die kampgeld beloop R390 vir die naweek. Betaal asseblief by Kiepersol om Rigard se werk te vergemaklik. Ons soek nog kampkommandante vir Drie Berge, bel my asseblief as julle ons sal kan help.

Let asseblief daarop dat ons AJV-naweek te Klein Kariba met ’n week aangeskuif moes word omdat ’n saal nie vir die oorspronklike datum beskikbaar was nie. Die vind nou die 12de tot die 14de Augustus plaas. Maak seker julle teken dit so aan.

Ons benodig elke lid se kamp details as jy sedert die vorige AJV elders gekamp het. Dankie aan Sonja en Willem de Jongh wat ons gereeld laat weet as hulle ander saamtrekke bygewoon het. Dit is elke lid se verantwoordelijkheid om self die bestuur te laat weet sodat ons die toekennings korrek kan doen wat tydens AJV



oorhandig word.

Kommunikasie in die streek is vir ons as bestuur belangrik en ons e-pos en SMS inligting aan ons lede. Verder het Johann, ons redakteur ook e-Kampkrummels en Kampkrummels-Xtra daar gestel wat van tyd tot tyd aan lede gestuur word. (Natuurlik net as jy ’n e-posadres het.) Maak asseblief seker dat ons jou nuutste selfoonnommer en e-pos besonderhede het sodat jy die boodskappe kan ontvang. Namens elke lid van Kiepersol, baie dankie aan Johann wat nou nie net die Kampkrummels per pos stuur nie, maar dit ook in elektroniese formaat opstel en uitstuur aan lede met e-posadresse. Dankie Johann vir jou werk as redakteur, dit word opreg waardeer.

Dankie vir die insette wat ons tydens kampe in die voorstelle-bussie ontvang. Wees verseker dat dit deur bestuur in ag geneem word.

Wat ons aksieplanne vir die jaar betref lees asseblief die redakteur se rubriek oor die fokus op werwing. Die belangrikste is om nuwe lede te werf en ook te poog om nuwe jonger lede, onder 45 jaar, vir ons Sawa-streek te werf. In die jaarprogram vir 2012 sal ons oorweeg om verskillende kampe (byvoorbeeld al om die beurt) te skeduleer wat aan verskillende behoeftes sal voldoen. Ons oorweeg ook om ’n oorde-komitee op die been te bring wat dan aan bestuur verslag kan doen oor die jaarprogram vir 2012. Indien jy belangstel om op die komitee te dien skakel my of Magriet asseblief voor die einde van April 2011.

Ek sluit graag af met die volgende aanhaling van Stephan Joubert: *“Sonde is in wese om te weier om die knie voor God te buig.”*

**Tandartse by  
Elwierda Apteek**

**Dr René Pretorius**

**Dr Tania Erikson**

**Telefoon: 012 653 6154**

# Ons Sawa Kalantjies



## Verf met die vingers

### Bestanddele

- 1 pakkie plakpapiergom
- 'n bietjie minder as 2 liter warm water in 'n 2 liter-bottel poeierverf

### Metode

1. Gooi die plakpapiergom in die 2 liter-bottel.
2. Vul die bottel tot amper bo met warm water.
3. Skud tot die gom opgelos is.
4. Laat oornag staan.

5. Gooi soveel van die mengsel as wat vir elke kleur benodig word uit in verskillende houers.

6. Gooi omtrent 1 eetlepel poeierverf van verskillende kleure in die houers.

7. Meng dit goed in die gommengsel.

Dit vorm 'n dik pasta en is gereed vir gebruik.

## Gesigverf

### Bestanddele

- 1 bottel goedkoop "aqueous" room Poeierverf
- Gebruik die volgende metode

### Metode

1. Verdeel die room in kleiner houers.
2. Meng die verlangde kleure verf met die room.

Die verf was maklik af en beskadig glad nie die kinders se velletjies nie.

## Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-  
GEBRUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota  
Gerrit Maritzstraat 597  
PRETORIA-NOORD  
Tel 012-546-0545



NEEM LEIDING TOYOTA

19979-2705/00/LEEF/09

## BRITS WOONWAENS



### Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabrik te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreeks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits  
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722  
britswoonwaens@iantic.net www.britscaravans.co.za



## POSSAK Stem van ons lesers

*“Presidente son-  
der allerlei dinge  
is doodgebore”*

### Opvolging by besture

**Christo van der Merwe skryf:**

Klaas Waarsegger maak in die Januarie-uitgawe die stelling dat persone nie langer as drie jaar op besture behoort te dien nie, kwansuis want “gesonde sirkulasie van bestuurslede is in belang van hulself en die organisasie” en dat dit alreeds “by baie direksies, kerkrade en ander verenigings van toepassing” is.

Na my mening is dit ’n uiters ondeurdragte en lafhartige reël.

Ondeurdrag: Bitter min voorsitters (byvoorbeeld) neem al in die eerste jaar verreikende beslissings. Enige persoon met respek vir die organisasie waarin hy/sy dien, maak eers baie seker dat hy/sy presies op die dieselfde golflengte as die res van die organisasie funksioneer en dat kontinuïteit verseker is. Dit kan maklik die hele eerste jaar in beslag neem.

Daarná, waarskynlik in die tweede jaar, sal daar kritiese evaluasie van die organisasie plaasvind, nie om te kritiseer nie maar om areas waar verbeter kan word te identifiseer. Indien daar wysigings of verbetering aangebring kan word, word dit nie summier gedoen nie, nee, daar word met die lede gekonsulteer en alternatiewe oorweeg. In SAWA, waar daar net vier Nasionale Uitvoerende Bestuursvergaderings en een Kongres per jaar plaasvind, kan die tweede jaar maklik hierdeur opgeslurp word, sonder dat daar enige vertraging van voetslepery is.

Volgens Klaas moet hierdie voorsitter in die derde jaar gereed maak om leisels oor te gee. Geen voorsitter hou daarvan om onvoltooide sake na te laat nie.

Klaas se drie jaar periode verseker dus dat niks substantiefs ooit verrig word binne daardie vereniging nie.

Lafhartig: Ek weet presies waar Klaas se voorstel vandaan kom en dit ontstel my. Klaas is te bang om ’n bestuurslid wat droogmaak openlik te konfronteer en uit te stem, nou wil hy die grondwet verander om dit vir

hom te doen.

SAWA se grondwet maak in ieder geval daarvoor voorsiening dat alle bestuurslede, van die nasionale voorsitter tot by die jongste addisionele lid op ’n streekbestuur, selfs die President, jaarliks genomineer en verkies moet word. Dís die tyd om ’n persoon wat nie daar hoort nie uit te stem.

Dit mag wees dat daar organisasies is waar so ’n tydperk voorgeskryf word. Maar let net op hoeveel keer word die voorsitter of ’n bestuurslid of selfs ’n hele bestuur se tydperk op ’n spesiale vergadering, met groot moeite, verleng.

Hierdie tipe reëling is ’n “gooi die baba met die badwater uit” reëling. Dit het niks met “gesonde sirkulasie” te doen nie maar alles met “ek wil tog net nie ongewild wees nie”.

Behoede SAWA van so ’n voor-skrif!

### Kan maar koek wat ek geskenk het, by die Presidente koop

**Christo van der Merwe skryf:**

Die artikels van die redakteur in die Februarie-uitgawe het betrekking.

Daar is seker min dinge so frustrerend, vervelig en tydrowend soos voorstelle wat elke paar jaar, tot satwordens toe, op die Nasionale Uitvoerende Bestuur (NUB) se agenda verskyn. Ek het in 1984 vir die eerste keer ’n NUB byge- woon. Die voorstel dat ’n deel van die ledegeld aan streke terugbetaal moet word, is so oud soos die berge en verskyn kort-kort op die sakelys en word elke keer afgewys. Die laaste keer tydens die NUB van 18 November 2006. Ek dink regtig dat as ’n voorstel by herhaling afgewys word, daar baie mooi besin moet word voordat dit weer opgerakel word en wéér voorgelê word. Die nasionale voorsitter en nasionale penningmeester kan baie goeie redes verskaf waarom dit nie ’n goeie voorstel is nie, een daarvan is dat

dit ledegeld noodwendig moet verhoog, juis iets wat die Dagbestuur hul bes doen om te verhoed.

Dit bring my by die volgende punt, die traagheid van sommige lede om iets te wil doen om fondse in te samel. Wat is nou lekkerder as om allerlei planne uit te dink om fondse in die hande te kry? Poeding- en koekverkopings, pannekoekbak, teelepel-etes, boeresport..... Ons het al in Kiepersol Agterstevoor Boeresport gehou, mans laat pannekoek bak, ’n baba fotoraai gehou, allerhande lawwe dinge gedoen om fondse in te samel. Dit was groot pret en het nie ’n arm en ’n been gekos nie maar dit het ges gebou.

Wat maak dit tog nou saak indien ek die bestanddele gegee het, my vrou die koek gebak het en ekself dit weer gekoop het? Dit was mos ons bydrae tot ’n lekker kermisatmosfeer.

Wat beteken “ontspanning en sosiale interaksie”? Agteroor sit en gesels? Ons doen dit mos in elk geval, met ’n heerlike bonus van ’n lekker kermis daarby!

“Daar kan egter nog om die pannekoek, tee en koek gekuier word maar sonder ’n winsmotief.” Nou maar hoekom bestel ons nie sommer pannekoek van die naaste restaurant af nie? Dan kan ons ons mos nou toespits op “ontspanning en sosiale interaksie” en nie ’n vinger verroer nie! En sommer ook ontspanne sit en kyk hoe die Presidentesaamtrek voor ons oë tot niet gaan!

Agge nee redakteur. ’n Presidentesaamtrek sonder allerlei dinge, kerrie-en-rys, poeding, ontbyt, speelgoed, doilies, allerlei-tafels, *fudge*, koeldrank, “lucky packets”, noem maar op, is nie ’n Presidente nie. So ’n saamtrek is doodgebore.

Waarom moet ek kort-kort gekonfronteer word met kaartjies vir konserte waarin ek nie belangstel nie, lootjies vir sleepwaens of sweisma-sjiene wat ek geen kans het om te wen nie en wat ek in elk geval nie wil hê nie?

Is dit nie baie lekkerder om koek of poeding of pannekoek, wat ek self geskenk het, te koop en saam met my vriende te geniet nie? Is dít nie waaroor “ontspanning en sosiale interaksie” werklik gaan nie?

## Schalk gesels met 'n paartjie wat tussen die berge en op die vlaktes grootgeword het

Daar was weer nie die geleentheid om gedurende die kamp by Marula met iemand te gesels nie, maar hoe doen jy dit in elk geval as hulle nie saamgekamp het nie? Daar is eintlik ook maar min tyd so tussen die braaiery en kuiery deur om privaat met iemand tyd te spandeer, so ons moes weer een aand 'n tydjie afknyp om by Irene E du Toit (nooiensvan) en haar man te gaan kuier, en somer terselfdertyd 'n paar notas te maak.

Sy was die tweede oudste van vyf kinders en is in Lydenburg gebore waar haar ouers in die skilderagtige landskap tussen Lydenburg en Pelgrimsrus met tafeldruiwe geboer het. Haar oupa het al met die tipe boerdery begin, en was die eerste tafeldruiweboer in die destydse Transvaal. Sy was op skool in 'n tweemanplaasskooltjie, Rusplaas, 'n bietjie nader aan Ohrigstad. Haar oupa het die skool gestig. Hulle het twee jaar gelede 'n reünie gehou by die skool, wat vandag nie meer bestaan nie, en sy herroep nog die tye toe hulle pouses van die skool se perskes gesteel het nadat al hulle toebroodjies opgeëet was. Haar hoërskoollewe het sy in die koshuis in Lydenburg deurgebring, maar daar kon toe niks snaaks gebeur nie, want hulle moes hulle ordentlik gedra! As kinders het hulle baie in die berge naby Pelgrimsrus rondgeklouter, en hulle het gewoonlik, as daar 'n groot skeur was waaroor hulle moes gaan, die jongste onder hulle eerste laat oorspring. Hulle was dan redelik seker dat as hy kon oorkom, die kans baie goed was dat hulle dit ook sou maak!

Na matriek is sy na die Pretoria Teg-niese Kollege om sekretarieel te swot. Eintlik wou sy graag kuns geswot het, maar haar pa het haar oortuig dat dit net mal mense is wat so iets doen – dis òf verpleegster, òf onderwyseres, òf sekretarieel, en basta! Maar kyk nou net hoe klein is die wêreld: Sy het 'n “blind date” gehad met 'n ou vir Boekenhout se huisdinee, terwyl ek ook heel toeval-

lig op dieselfde dinee was, en Christo van der Merwe terselfdertyd in die koshuis Olienhout, net langsaan was, en eers omtrent veertig jaar later leer ons mekaar ken op SAWA-kampe! In elk geval, dit het hulle toe gladnie afgeskrik nie, en hulle het die volgende jaar verloof geraak en getrou. Hy moes toe maar die koshuis verlaat, want hulle wou nie getroude paartjies daar toelaat nie!

Hy is in Benoni gebore, en op tweejarige leeftyd verhuis hulle Springbokvlakte toe naby Nylstroom waar hulle eers gehuur en later 'n eie plaas gekoop het. Hy begin sy skoolopleiding ook by 'n tweemanskool, Lisbon. Hier sit hy toe op die yslike Springbokvlakte en sy aanstaande vroujie klim in die berge by Pelgrimsrus rond! Sy pa het destyds met 'n span van 18 osse geploeg, en na skool moes hy hulle huistoe neem om uit te span. Terwyl hy eendag besig was om uit te span, het 'n os se horing hom aan die lyfband beetgekry, en daar hang hy toe hulpeloos tussen hemel en aarde! Gelukkig het die lyfband se ring naderhand oopgebuig en hom hard tussen die osse laat neerslaan. Hulle moes altyd Afrikanerkoenie melk en dan in die proses natuurlik sorg dat die kalwers darem ook nog iets te drinke kry! Vanaf standerses tot matriek was hy in die Nylstroomse Hoërskool in die koshuis. Om aan 'n plaasskool gewoond te wees en dan in 'n koshuis te beland waar jou tye met klokke beheer word, was 'n redelik traumatiese ervaring.

Na matriek is hy na die Landboukollege op Potchefstroom, en hier het hy baie tyd gehad om niks te doen nie. Hy vertel baie stories van die “krip” notas wat die ouens gehad het gedurende eksamen, van 'n uitveër wat uitgehol is, tot 'n papiertjie aan die binnekant van 'n jas, kompleet met inhoudsopgawe en al! Hy het dit natuurlik nooit self


gedoen nie, maar net gehelp (oeps!). Hy het later as leerlingtegnikus by die Departement van Landbou gewerk totdat hy by hulle 'n beurs gekry het vir BSc (Agric) met grondkunde as hoofvak. Dis hoe hy in Boekenhout beland het, maar is toe van die ontgroening onthef omdat hy al 'n “ou” man was. Hy moes egter nog steeds die “pil” sluk aan die einde van die ontgroening, en dit was letterlik en figuurlik 'n bitter pil om te sluk! Toe soek hy een naweek 'n “blind date” vir die huisdinee, en die res ken julle. So is hy toe in sy vierde jaar getroud, en moes hy die koshuis verlaat.

In 1975 is hy as dosent by Tukkie's aangestel, en het ook daar afgetree. Sy het twee jaar gewerk en het toe as huisvrou begin met naaldskilder (kort en lang steek), en bied al 35 jaar klasse aan in hierdie kunsvorm. Vandag hang daar kunswerke wat haar tot drie jaar geneem het om te voltooi, in hulle huis!

Uit die huwelik van Andries en Esmé Claassens is vier kinders gebore, André, Sandra, Amanda en Wynand. Dan is daar nog vyf kleinkinders. Hulle het in 2009 by Kiepersol aangesluit. Hulle kry egter nie kans om gereeld by saamtrekke uit te kom nie aangesien hulle baie naweke op sy pa se plaas spandeer, wat hy en sy suster deel. Derhalwe het hulle slegs vyf kampe bygewoon.

Wat die lewe hulle geleer het, is dat mens bereid moet wees om te luister na ander. Daar is 'n behoefte by baie mense om net met ander oor hulle probleme te kan praat. Gee so 'n persoon die kans om te praat, want dis gewoonlik 'n noodsituasie. Dan moet jy ook dankbaar wees vir alles wat jy uit die lewe gekry het, en wat jy bereik het, sonder om groot toekennings daarvoor te verwag. Jy is nooit te goed om iets self te doen nie. Will Rogers sê: “If you want to be successful, know what you are doing, love what you are doing, and believe in what you are doing”.





## Seniors

### Besoek aan lugmagnmuseum by Swartkopsbasis word beplan

Daar is in 2010 twee geleenthede deur die seniors gereël waar klere aan hoofsaaklik Afrikaanse sorgbehoewendes in plakkerskampe geskenk kon word. Dit is plakkerskampe waar Helpende Hand, die maatskaplike afdeling van die vakbond Solidariteit, werksaam is. Die klere is aan Mariana Kriel, verteenwoordiger van Helpende Hand oorhandig by die sosiale geleenthede wat gehou is aan huis van Pieter en Johanna van Biljon. In egte Sawa-tradisie is elke Sawa-vrou wat teenwoordig was versoek om 'n bordjie eetgoed saam te bring. Ons dank en waardering weereens aan Pieter en Johanna vir die gebruik van hul huis. Na die oorhandiging is daar heerlik gesels en weggeleë aan wat daar te ete en te drinke was.

Daar is besluit om die pogings voort te sit en die eerste samekoms vir die jaar sal wees op Dinsdagoggend 10 Mei om tienuur weer by die huis van die Van Biljons. 'n Beroep word op al die lede van die streek, nie net die seniors nie, gedoen om by dié geleentheid hoofsaaklik babaklere en klere vir peuters en kleintjies tot op die ouderdom vyf jaar te bring. Nieteenstaande die versoek, staan dit u ook vry om enige klere, nuut of tweedehands, te skenk en ook die verrigtinge by te woon. Onthou om 'n bordjie eetgoed saam te bring asseblief.

Na 2010 se besoeke aan die Voortrekkermonument, die huise van Sammy Marks en Jan Smuts asook Irene Melkplaas, is daar besluit om in 2011 voort te gaan met besoeke aan verskillende plekke. Die eerste besoek sal op 20 Julie 2011 aan die Lugmagnmuseum te Swartkopslugmagbasis wees. Daar is met 'n oud-vlieënier, Ben Vorster en 'n kollega van hom gereël om ons te vergesel. Hulle het persoonlik van die vliegtuie wat uitgestal word gevlieg en kan ons persoonlike staaltjies en gebeure meedeel. Soos hierbo genoem sal ons op 20 Julie dié besondere besoek by die museum aflê.

Tweedens word 'n "brunch" braai by Rietvleidam by die sogenaamde seekoedam beoog. Indien die paadjie teen die afdraande na die oewer van die dam vir sommiges te steil mag wees, kan ons die braaiplekke by die parkeerterrein gebruik. Na die braai kan ons deur die reserwaat ry en by die restaurant boeretroos of dalk iets sterkers gaan soek. Laastens, moenie van ons Drakensbergtoer vanaf 30 Oktober tot 13 November 2011 vergeet nie. Meer inligting hieroor volg later.

**Frank Smith**

### **Tweede Drakensbergtoer**

30 Oktober - 13 November 2011

Navrae: Frank Smith by 012 654 3135

## jongklomp



### Tieners

### Oor Diesel, Levi's, Nike, Nokia, Billabong en nog baie ander 'brands'

Dit is nie *cool* as jy nie die regte *jean* of hemp dra nie - almal kyk jou sommer snaaks aan. Ken jy die gevoel? Veral as jy met 'n *plain*, uitgewaste *jean* en met *sneakers* wat deurgeloopt is by die ysskaatsbaan aankom!

Name soos Diesel, Levi's, Nike, Nokia en Billabong is deel van ons tieners se woordeskat. As jy 'n ouer het wat kan bekostig om vir jou klere te koop met hierdie name, is jy so gelukkig! Die voordeel van hierdie klere is dat dit darem gewoonlik van baie goeie gehalte is, en die nadeel dat dit 'n groot gat in jou pa of ma se sak kan laat! Moet egter nie bekommer as jy nie "in" is omdat jy nie een van die handelsname dra nie. Die woord *mode* of *fashion* beteken dat jy klere dra wat by jou pas, en nie by jou rolmodel of *action hero* nie! Jy moet gemaklik daarin wees en goed voel oor jouself. Maar die hoofvraag is: Hoekom gee jy om oor wat almal van jou dink en van jou sê? Hulle is ook net mense, nes jy. Ek

het gehoor dat mense wat ander afkraak hulle eie probleme wil toesmeer met ander se probleme en swakpunte.

Jy moet jou eie lewe leef en nie in ander se skadu nie. Wees op jou eie manier uniek.

Het julle al agtergekom dat die in-goed eintlik altyd ou-goed is? Soos die ou musiek wat nou weer in is of deur DJ's herskep word? Nou ja, God het vir ons verbeelding gegee om nuwe goed te probeer, party mense is net 'n bietjie lui... Hoekom skeep jy nie jou eie *look* nie? Dit is mos nou mode. En wys vir almal jy is nie bang vir ander mense wat jou probeer afkraak nie. Want God is altyd aan jou kant en Hy is baie lief vir jou. En met Hom aan jou kant kan niemand aan jou raak nie.

As jy 'n gelowige is moet mense eerder jou as mens raaksien en Jesus in jou kan sien, en nie omgee oor die klere wat jy dra nie. Na my mening is die beste *label* om te dra die van 'n **Gelowige Christen**, en dit uit te leef oral waar jy jou bevind. (Monét@Waverley)

## Kuier by Waterberg te Emmarentia Geldenhuys



Frank Smith en Schalk Nolte braai "patties" vir die hamburgers onder Alida Venter se wakende oog



Alles gereed en die kliënte begin om elkeen sy eie hamburger te bou. Dit het groot aftrek gekry



Fanie Marx, Fanie Jordaan, Willem Gerber en Nico Spaumer gesels kopstukke



Elma Bronkhorst en Alet Lemmer is in hulle noppies met hulle inkopies by die marktafel



Waterbergers het die lekkerste pan-koek gebak. Dit was al vroeg Saterdagoggend beskikbaar



Fanie Venter en Frank Smith is ernstig oor die sous. Dit was baie lekker gewees!



**Skakel om 'n afspraak te maak**  
**072 949 6293**  
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en  
Springbokstraat, langs die  
pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier  
was nie**

**Parkeer onder groot bome**  
**Ondersteun ons eie mense**

### **ELWIERDA APTEEK**

Elwierda@mweb.co.za  
Noodnommer 082 460 0162

#### **Kom maak kennis en kry:**

- Flinker diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

### **Elwierda Apteek**

Koedoestraat 184 Wierdapark

**Telefoon 012 653 6153 012 653 6172**  
**Faks: 012 653 6175**

# VERJAARSDAE



Dis vir Kampkrummels baie aangenaam om die volgende mense geluk te wens met hul verjaarsdae:

## APRIL

05 Willie Kruger jnr  
08 Pieter Hanekom  
09 Ina van den Berg  
09 Marco Prinsloo  
09 Paul Daneel Kruger jnr  
10 Erna Lubbinge  
13 Seef Delpont  
18 Edward Whelan  
19 Louwtjie de Jager  
21 Lenie Lubbinge  
22 Riaan de Swardt  
22 Reynhardt de Swardt  
23 Ina Erasmus  
24 Ronèl Whelan  
27 Joyce Wilsenach

28 Enrico Zietsman  
29 Hendrik van Huyssteen

## MEI

02 Elize Vorster  
03 Thea Lewis  
03 Guillaume Jordaan  
04 Everdt Combrinck  
06 Lettie Leach  
06 Willie Olivier  
08 Jaco van Huyssteen  
09 Ilze van Huyssteen  
14 Livia Lemmer  
19 Theunis Botha  
24 Amanda Pretorius  
25 Pierre de Villiers  
25 Magriet Baker  
29 Hester Wessels  
31 Rouvé Rothman



Baie geluk aan Paul en Antoinette Kruger met die geboorte van kleinkinders Beulah Groenewald op 4 Maart en Luan Kruger Bosch op 7 Maart. Ook aan die ouers.

Marelize Ferreira het 'n toekening gekry vir vyf onderskeidings in matriek.

Geluk aan Chantal Baker wat op 22 Maart 21 jaar oud was. Jerome Lewis (kleinseun van Jerome en Anna) het op 8 Maart 21 geword.

Valerie Briedenhann was in die hospitaal vir 'n operasie maar sterk nou verder tuis aan.

Mike du Preez snr. is 'skoon' na 'n kankeroperasie.

Jannie van den Berg het 'n aneurisme operasie ondergaan  
Mike du Preez jnr. is oorlede.

Hennie Ferreira se jarelange vriend en vennoot, Joseph, is kritiek in die hospitaal na 'n beroerte.

Marie de Swardt se swaer is oorlede.

## Kiepersol bring bedrywige naweek by Waterberg deur

Hierdie was 'n kuiernaweek vir al die streke in die gebied gereël deur Streek Waterberg. Ons het Woensdag die 9de Maart daarheen vertrek om die naweek so 'n bietjie te rek. Van Waterberg se lede was reeds daar aangesien hulle al van Dinsdag af gekamp het. Ons was aangenaam verras om Sawa se President, Nico Spaumer, en sy vrou Sarie, daar te kry wat ons met hul teenwoordigheid vereer het.

Onder Waterberg se leiding, saam met die oord se skoonma-kers, is die ablusiegeriewe pragtig skoongemaak. Daar is nuwe gordyntjies gehang en toiletsitplek-oortreksels is aangebring. Ons hartlike dank en waardering gaan aan hulle met die grootse poging. Netjiese ablusiegeriewe bly 'n pluspunt by 'n kampterrein. Deur die res van die dag en Donderdag het die waens bly inkom. Vrydag het die laastes baie laat by die kampterrein aangekom as gevolg van padongelukke op die N1. Louw en Linda de Jager het byvoorbeeld vieruur die middag uit Centurion vertrek en eers kwar voor tien by Emmarentia Geldenhuys-terrein aangekom. Dus amper ses ure om die 140 km af te lê. Kiepersol het die aand hamburgers gemaak en verkoop, wat heerlik afgegaan het. Daarna het ons eie inwonende *disk jockey*, Schalk Nolte, sy musiekspeletjie aangebied wat almal baie geniet het. Met die musiekkennis van sommige lede wonder ons wanneer werk hulle want dit wil voorkom asof hulle die hele dag net musiek luister.

Saterdagoggend se ontbyt was warm Waterbergpannekoeke. Sommige van ons is dorp toe om voorrade te gaan aanvul en om koffie te drink. Die middag het 'n klompie van ons in die swembad gaan afkoel, ander het na sport op die TV gekyk. Ja, die Leeus, nie die Britse weergawe nie, het gewen en ons het die Indiërs in 'n krieket wêreldbekerwedstryd afgestof. Die aand was daar 'n gesamentlike braai en "DJ Schalk" het weereens musiek gemaak. Die houtstompe in die kegels is aan die brand gestee en het soos Mel. Waterberg se voorsitter, sê tot die *ambiance* bygedra.

Sondagoggend het pastoor Edna Ellis die erediens waargeneem en ons in sang begelei met haar trekklavier. Sy mag maar! Hierop het die gebruikelike afsluiting in streekverband plaasgevind. Daarna het sommiges tydsam die oppakwerk begin en traag huiswaarts gekeer. Van ons het by die restaurant by Marulawoonwapark gaan eet. Onthou dit vir die toekoms – 'n driegang maaltyd vir net R55!

## Frank en Hettie Smith

### Klere vir kinders tot 5 jaar

Dinsdag 10 Mei om 10:00 drink ons tee by die Van Biljons, De Hoewe-weg 16, Eldoraigne. Bring asseblief eetgoed, nuwe en gebruikte kinderklere (tot 5 jaar) vir Solidariteit se Helpende Hand

## Klein en groot help by Romanz



Almal help met die verkope: Hennie Ferreira, Jerome Henning, Louis en Madelein van den Berg. Voor: Jannus, Stean en Marina

## Schalk se Musiekraai



Schalk en Mrianne Nolte besig om Musiekraai aan te bied



Wenspan by Emmarentia Geldenhuys: Johann Lemmer en Frieda Burger

## Ernstige sake by oop NUB bespreek Lede by Romanz



Hennie en Louis in druk gesprek met Jurie Dreyer, nasionale voorsitter



Chris Delpont, JJJ van Rensburg en Hennie by Fanie Jordaan



Joyce en Emmo Wilsenach saam met Willem en Sonja de Jongh

## 100-Plussers kamp en hou spitbraai



Woonwaens onder bome by swembad te Mopani



Pierre Wilsenach het 'n spitbraai by die 100+ gehou

## Tee en koek



Kiepersollers drink tee en eet koek soos wat dit die tradisie is